Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Sarelda Koopman**
Direktoraat: Kurrikulum VOO
Sarelda.Koopman@westerncape.gov.za | 021 467 9325

Lêerno.: 22/2/6/1
Verwysing: 20230518-4433

Kurrikulum VOO-minuut: 0004/2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Vakadviseurs en Prinsipale van vaardigheidskole en gewone openbare skole

**Onderwerp: Verlenging van die proefprogram betreffende die implementering van die beroepsgerigte kurrikulum in die goedgekeurde gewone openbare skole en die volledige implementering in goedgekeurde vaardigheidskole**

1. In 2017 het die Raad van Onderwysministers goedkeuring verleen vir 'n proefprogram wat die implementering van 'n loopbaangerigte kurrikulum in vaardigheidskole behels. Hierdie proefprogram het oor vier jaar gestrek en is in 2020 voltooi. Die volledige implementering van hierdie kurrikulum het in 2021 by vaardigheidskole in werking getree.

2. Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) het Omsendbrief S10 van 2020, gedateer 19 November 2020 (aangeheg as Bylae A), uitgereik, wat riglyne verskaf vir die volledige implementering van die loopbaangerigte kurrikulum in vaardigheidskole en 'n proefprogram vir die implementering van die beroepsgerigte kurrikulum in gewone openbare skole.

3. Hierdie minuut dien om skole in kennis te stel dat die DBO nie gereed is vir die volskaalse implementering van die beroepsgerigte kurrikulum in gewone openbare skole nie, en voorsiening maak vir die goedgekeurde openbare skole om voort te gaan met die proefprogram, met 'n **wysiging aan paragraaf 7 van Omsendbrief S10 van 2020** wat betref die keuse van vakke.

4. Ingevolge die wysiging sal leerders in graad 8 en 9 in gewone openbare skole wat deel is van die proefprogram voortgaan met die programvereistes vir die Senior Fase, soos gestipuleer in die *Nasionale Beleid met betrekking tot die Program- en Bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring, Graad R–12*. Skole sal voortgaan om Huistaal, Eerste Addisionele Taal, Wiskunde, Natuurwetenskappe, Sosiale Wetenskappe en Lewensoriëntering aan te bied, maar sal toegelaat word om **vanaf 2024 tot en met drie vakke aan te bied om enige van die volgende drie keusevakke te vervang**: Tegnologie, Skeppende Kunste en Ekonomiese en Bestuurswetenskappe.

5. Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement sal skole in kennis stel wanneer die beleid gefinaliseer is en die datum vir volledige implementering van die DBO ontvang word. Let asseblief daarop dat die protokolle wat gevolg sal word om nuwe vakke aan te bied, sal ooreenstem met die inligting in Omsendbrief 0036/2021, gedateer 18 Junie 2021.

6. Prinsipale word vriendelik versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle onderwysers en betrokke personeel by skole te bring.

**GETEKEN:** H MAHOMED
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:** 2023-06-21